Joe Crews

# Die Mens se Flikkering Of God se Vlam

KOPIEREG © 1980 DEUR
JOE CREWS

ALLE REGTE VOORBEHOU.

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR
ANITA VAN DEVENTER

VIR GEBRUIK IN DIE
TRANSVAAL KONFERENSIE

Voorblad deur Helcio DesLandes

# Die Mens se Flikkering Of God Se Vlam

Een van die duidelikste eindtyd tekens wat in die Bybel geopenbaar word, is die toename in die opbou van geestelike en duiwelse magte vir ‘n finale stryd sonder enige beperking wat die bestemming van elke lewende persoon sal bepaal. God en Satan sal in die kritieke oorlog van Armagéddon ontmoet, en die eeuelange stryd tussen goed en kwaad sal vir ewig opgelos word.

Die Bybel dui aan dat Satan koorsagtig te werk sal gaan deur middel van al die listige middele wat vir die menslike verstand aanloklik is, om sodoende die hele planeet na sy kamp te probeer verlei. Johannes sê dat “die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.” Openbaring 12:12. Ter voorbereiding vir hierdie botsing, wat hy alreeds vir meer as 6,000 jaar beplan, sal hy beide politieke en godsdienstige magte manipuleer. Hoe om valse idees en leerstellings daar te stel, is reeds deur die eeue goed ontwikkel. Die duiwelse vernuf van Satan is gefokus op die ontwikkeling van ‘n strategie wat mense daarvan sal weerhou om gered te word. Die uiteindelike doel van die duiwel is om mense te laat sondig, omdat slegs sonde iemand uit die hemel sal hou.

Die Bybel omskryf sonde as “wetteloosheid.” 1 Johannes 3:4. Paulus verduidelik verder dat sonde is die verbreking van die

Tien Gebooie. Romeine 7:7. Gehoorsaamheid aan God se groot morele wet sal dus die fokuspunt van die finale stryd wees. Satan verag die regering van die hemel en sy wet. Hy het die harmonie tussen die engele lank, lank gelede versteur deur God daarvan te beskuldig dat Hy te veel verwag. Hy het God daarvan beskuldig dat Hy onregverdig is om gehoorsaamheid te vereis aan 'n wet wat nie onderhou kan word nie. Sedertdien het hy probeer om sy beskuldigings te bewys deur mense te verlei om die wet te oortree. Met nie-Christene het die duiwel geen probleem gehad nie, maar hoe kan hy al die groot godsdienstige liggame verenig in 'n program van ongehoorsaamheid?

Sy grootse plan vir die finale misleiding is om *elkeen* te lei om teen die gesag van die hemel te oortree, selfs die godsdienstige wêreld. Vanselfsprekend moet een of ander plan uitgewerk word wat Christene gemaklik sal maak in hulle oortreding, wat in die naam van Christus uitgevaardig sal word, en wat al die grense van genootskap en geloofsoortuiging oorbrug. Op een of ander manier sal die plan die tradisionele siening van die Bybel as die finale gesag in sake van geloof moet vernietig, en 'n ander gesag daar moet stel wat steeds 'n eerbiedwaardige Christelike beeld sal behou. Ten einde alle kerke en gelowe in te sluit, sal die program onafhanklik van enige leerstelling, profetiese interpretasie, of lewensstandaarde moet wees, anders sal dit slegs verdeeldheid en ontevredenheid veroorsaak.

Om dus sukses te behaal met sy sonderlinge doel om die Christelike wêreld te oortuig om ongehoorsaam te wees aan God se wette, moet Satan voldoen aan vier eenvoudige vereistes:

1. Laat Christene gerus voel deur die wet te verbreek.
2. Lei hulle om die Woord van God te wantrou as die vuurproef van waarheid.
3. Bewerkstellig 'n ander toets buiten die Woord wat opreg en aanloklik sal voorkom.
4. Die weglating van alle leerstellings, profetiese vertolkings en Christelike standaarde wat verdelend mag wees.

Dit is dus duidelik dat al hierdie beginsels ingesluit moet word in enige bedrog om Christene te verenig in ongehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

## Is Wonderdoeners van God?

Laat ons nou die werklike geïnspireerde beskrywing bestudeer van hoe hierdie toestande aan die einde van tyd die oorhand sal kry. Dit is ongelooflik dat die bedrieglike kragte van die meester vervalser al hierdie doelstellings sal bereik.

Let eerstens daarop hoedat Jesus bevestig het hoe maklik vele ligtelik ongehoorsaam aan Sy wet sou wees onder die mantel van godsdiens.

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal in daardie dag vir my sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” Mattheus 7:21-23.

Probeer om die verontrustende betekenis van daardie woorde van onse Here te verstaan. Hierdie mense het daarop aanspraak gemaak dat hulle Christene is, selfs om die buitengewone krag te besit om te profeteer en duiwels uit te dryf. Hulle het hierdie wonderwerke in die naam van Jesus gedoen. *Maar Jesus het gesê dat Hy hulle gladnie geken het nie;* hulle het dus nie die skynbare geestelike gawes deur die krag van Christus beoefen nie. Wie het hulle dus die bonatuurlike krag gegee om sulke wonderwerke te doen? Daar is slegs twee bronne van sulke krag – God en Satan. Aangesien Jesus hulle “werkers van ongeregtigheid” genoem het, moes hulle gesond gemaak en geprofeteer het in die krag van Satan, die bewerker van ongeregtigheid.

Dit bevestig dat daar bedrieglike verskynsels van die gawes van die Gees in die eindtyd sal wees. Uiterlik sal dit presies soos die ware gawes vertoon, en sal in die naam van Jesus in ‘n stemming van godsdienstige geesdrif gedoen word. Hoe kan ‘n mens dus onderskei tussen die ware en die valse? Jesus het dit heeltemal duidelik gemaak. Alhoewel hulle uitgeroep het, Here, Here, het hulle nie die wil van die Vader in die hemel gedoen nie. Wat is die wil van God? Dawid antwood, “Ek het lus, om my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande.” Psalm 40:9. Die mense wat hulle op Jesus beroep het vanweë hulle baie wonderwerke, was deur Jesus verwerp as Satan se werkers omdat hulle God se wet verbreek het. *Hulle het werklik nie vir Jesus geken nie, omdat om Hom te ken, is om Sy gebooie te gehoorsaam.*

“En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie.” 1 Johannes 2:3,4.

*Hulle het ook nie werklik vir Jesus liefgehad nie, want om Hom lief te hê, is om ook Sy gebooie te bewaar.*

“Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.” 1 Johannes 5:3.

## Slegs die Gehoorsames is Geesgevuld

Dit bring ons by ‘n ander ontsaglike waarheid aangaande gehoorsaamheid: *Slegs diegene kan met die Gees gevul word wat gehoorsaam is.* Dit beteken dat die geestelike gawes nie in die lewe van iemand geopenbaar kan word wat God se wet oortree nie. Jesus het gesê, “As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.” Johannes 14:15,16.

Die volgorde word duidelik in hierdie teks uiteengesit. Liefde lei tot gehoorsaamheid, en gehoorsaamheid lei tot vulling met die

Gees. Niemand moet die verhouding tussen gehoorsaamheid en die doop met die Heilige Gees miskyk nie. Die fundamentele werklikheid oor die Gees is dat Hy in alle waarheid lei en oortuig van sonde.

"Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, *Hy sal julle alles leer* en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Johannes 14:26.

Weer het Jesus gesê,"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, *sal Hy julle in die hele waarheid lei*." Johannes 16:13.

Wat is ingesluit in "die hele waarheid" en "alles" waarin die Gees ons sal lei? Die Sabbat sal deel daarvan wees, tesame met die ander nege gebooie. Inderdaad, is die werk van die Heilige Gees om eerstens te oortuig van sonde. Christus het daardie bediening van die Gees in Johannes 16:8 beskryf. "En as Hy kom, sal Hy *die wêreld oortuig van sonde* en van geregtigheid en van oordeel."

Wat is sonde? "Die sonde is wetteloosheid." 1 Johannes 3:4. Vanselfsprekend kan iemand nie met die Heilige Gees gevul word sonder dat hy tereggewys is oor die verbreking van die wet nie. Om te lieg, te steel, egbreuk te pleeg en die Sabbat te verbreek, sal nie in 'n Geesgevulde lewe teenwoordig wees nie. Die opsetlike pleeg van daardie sondes sal die werking van die Heilige Gees effektief dwarsboom. Moedswillige sonde en die gawes van die Gees is net so onversoenbaar met mekaar as God en Satan. Inderdaad het Jesus die ontstellende waarheid geleer dat om die Heilige Gees te bedroef, tot die onvergeeflike sonde lei.

"Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe

word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie.” Mattheus 12:31,32.

Die ernstigste fout wat iemand kan maak, is om die leidende, oortuigende invloed van die Gees te verwerp wanneer Hy daarna streef om te lei na gehoorsaamheid aan God se wet.

Die beginsel was vir altyd deur Lukas bevestig toe hy geïnspireerd geskryf het, “En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.” Handelinge 5:32.

Ons kan dus duidelik verstaan waarom die wonderdoeners deur Jesus weggewys is as “werkers van ongeregtigheid.” Omdat hulle Sy wet, die wil van die Vader, verwerp het, het hulle toegang tot die krag van die Heilige Gees verloor. Op daardie tydstip het Satan ingetree om ‘n voortsetting van krag te voorsien deur dieselfde *oënskynlike* wonderwerke te doen as wat die Heilige Gees verskaf het.

Deur die Gees te bedroef wat hulle van ongehoorsaamheid oortuig het, het belydende Christene hulle sensitiwiteit verloor vir die oortreding van God se heilige wet. Gevul met die opwindende emosionele stimulering van Satan se gees het hulle voortgegaan om ‘n valse godsdienstige krag te beoefen, gebaseer op gevoel eerder as die gesag van die Woord van God. Christus het in Mattheus 7:22 geleer dat die eindtyd ‘n verskynsel sal bring van Christene wat aanspraak maak op die Gees se krag in wonderwerkbediening, maar wat eintlik deur die duiwel gemanipuleer word.

## Verbasende Vervulling Vandag

Is daar vandag sulke mense in die wêreld, en voldoen hulle aan die vier basiese vereistes om die godsdienstige wêreld te lei in grootskaalse ongehoorsaamheid? Om daardie vraag te bespreek, laat my toe om ‘n onlangse persoonlike ondervinding te deel wat betrekking het op ‘n groep Bybelstudie

wat ek gevra was om waar te neem.  Die klas het uit ses mense bestaan – drie sakemanne en hulle vrouens.  Weke lank het ons elke Donderdagaand ontmoet om die belangrikste Bybelleerstellings te ondersoek.

Die reeks was in alle opsigte anders.  Eerstens het dit voorgekom asof die drie paartjies buitegewone toegewyde Christene was.  Dikwels gedurende die studies het hulle geesdriftige getuienisse gedeel aangaande hulle liefde vir Christus.  Dit was ooglopend dat hulle emosionele gevoelens oor hulle persoonlike verhouding met Jesus gehad het.

Die tweede merkwaardigheid was die ywerige, openlike manier waarop hulle die waarheid aanvaar het soos wat dit ontvou het.  Soos wat onderwerpe soos die Sabbat, die toestand van die dode, en onrein voedsel ondersoek was, was dit in geheel aanvaar.  Herhaaldelik het hulle verbasing uitgespreek oor die duidelikheid daarvan en hardop gewonder waarom hulle dit nie vantevore ingesien het nie.

Op die laaste aand van die Bybelstudies het ek ‘n uitnodiging aan die groep gerig om die Sabbat te begin hou.  Ek was egter verstom dat nie een van hulle die geringste begeerte gehad om gehoorsaam te wees aan die waarhede wat hulle so geredelik geglo het nie.  My verwarring het toegeneem toe hulle begin verduidelik het waarom hulle geen planne gehad het om die Sabbat te hou nie.  “Ons het die doop van die Heilige Gees ontvang, en Hy sê vir ons alles wat ons doen,” het hulle verduidelik.  “Hy het nie vir ons gesê om die Sabbat te hou nie.  Indien Hy dit vir ons sê, sal ons dit graag doen.  Ons weet dat dit in die Bybel is en ons glo dit, maar die Heilige Gees sal vir ons moet sê om dit te hou voordat ons dit sal doen.”   Tevergeefs het ek probeer om vir hulle te wys dat die Heilige Gees alreeds met hulle gepraat het deur die Woord, en dat Hy Homself nie kon weerspreek deur vir hulle enigiets anders te sê nie.

Die Woord van God is “die swaard van die Gees,” sê die apostel Paulus in Efesiërs 6:17.  Dit beteken dat die Bybel is die

snykant van die Heilige Gees se bediening om te oortuig. Aan niemand kan die waarheid verkondig word, sonder verwysing na die Skrifte nie. Tog het hierdie mense, in die naam van die Here Jesus Self, die gesag van die Bybel ontken ten gunste van hulle emosionele gevoelens. Inteendeel, hulle het ‘n ander toets vir waarheid daargestel wat vir hulle meer geldig was as die Woord van God. Hulle het geluister na ‘n ander gees wat hulle getroos het in hulle oortreding van God se wet, maar *hulle het dit alles in die naam van Jesus gedoen.* Terwyl hulle groot liefde vir God bely het, het hulle hulle direkte openbarings verdedig as bewys van God se spesiale verskynsels in hulle lewens.

Wat kon ek sê? Hulle het hartseer en met jammerte na my gekyk, omdat ek nie bevoorreg was om die verruklike vrede en vreugde te ontvang wat hulle ondervinding gekenmerk het nie. Skielik het ek besef dat dit ‘n presiese herhaling was van wat Jesus in Mattheus 7:21,22 beskryf het. Hierdie mense het geglo dat hulle krag van God kom. Nogtans het hulle gesê Here, Here, sonder om die wil van God te doen. Al die gawes van die Gees waarop hulle aanspraak gemaak het, was soortgelyk aan die gawes waarop diegene aanspraak gemaak het wat na Jesus gekom het – uitdryf van duiwels, profeteer, gesondmaking, wonderwerke, ens. Jesus het gesê, “baie” sal teen die einde kom en daardie woorde spreek. Is daar vandag baie wat in hierdie kategorie val?

Rondom die wêreld vandag is daar miljoene wat aangetrek word deur ‘n beweging wat alle versperrings veroorsaak deur genootskappe, oorbrug. Katolieke sowel as Protestante word vasgevang in die opwindende verskynsel om deur ‘n gemene gees beweeg te word. Hulle glo opreg dat die Heilige Gees hulle toerus met ‘n nuwe taal van die siel en dat die krag van God hulle gebruik om gesond te maak, duiwels uit te dryf, en te profeteer.

In die lig van Christus se waarskuwing, hoe kan ons onderskei tussen die ware gawes en die nabootsings? Hoe kan ons seker wees dat wonderwerke nie in die krag van Satan

gedoen word nie? *Die enigste manier waarop ons die nabootsing kan herken, is die gebrek daarvan om al die gebooie van God te gehoorsaam.* Jesus het gewaarsku dat die groot "tekens en wonders" van die valse profete in die eindtyd so misleidend sal wees dat "selfs die uitverkorenes" byna daardeur mislei sal word. Mattheus 24:24. Johannes het "geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld" gesien. Openbaring 16:14.

Moenie nalaat om die geestelike implikasies van hierdie duiwelse aktiwiteit raak te sien nie. Wonderwerke word gedoen slegs binne die raamwerk van godsdiens. Hierdie eindtyd bose geeste sal onder die mantel van kerke werk, in die naam van Christus, en bely om leraars van waarheid te wees. Paulus praat inderwaarheid van Satan se "dienaars …. hulle ook sal voordoen as dienaars van geregtigheid." 2 Korinthiërs 11:15. Toe hy aan die Thessalonicense geskryf het, het hy die werk van hierdie valse apostels verder beskryf as "met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid." 2 Thessalonicense 2:9,10.

Die skokkende slotsom is dat die duiwel die ware verskynsel van geestelike krag so noukeurig sal nadoen dat die meerderheid van die wêreld, insluitende die kerke, deur hom gemanipuleer sal word. En volgens die Skrifte, sal slegs diegene wat al God se gebooie uit liefde onderhou, teen die misleiding beskerm word.

Ongelukkig leef ons in 'n eeu van die skouspelagtige en die buitengewone. As gevolg hiervan is menigtes aangetrokke tot die belofte van genesing, bonatuurlike tale, of geeste-uitdrywing. Baie min staan 'n oomblik stil om te vra of die krag God of Satan is. Die meeste is heeltemal onbewus van die geïnspireerde voorspellings aangaande nagebootste wonderwerke, en hoe om die ware van die valse te onderskei. Beïndruk deur die opregtheid van diegene wat met sulke ooglopende krag preek en bid, in die naam van Jesus, "voel" miljoene dat dit van God moet

wees. Hulle emosionele ekstase word vinnig bo die ware toets van die Skrifte verhoog.

Terwyl ek met my charismatiese Bybelstudiegroep gepraat het, het ek ontdek dat hulle ten volle aangepas het by die vier belangrike voorwaardes wat Satan vereis ten einde die godsdienstige wêreld aan sy kant te kry. Hulle het veilig gevoel om die wet te oortree. Hulle het die Woord van God verwerp as die finale toets van waarheid. Hulle het n ander toets daargestel – hulle godsdienstige gevoelens – as die bewys van hulle aanvaarding deur God. Hulle het ook aanspraak gemaak op die bonatuurlike gawes van die Gees as bewys van God se goedkeuring. Uiteindelik het hulle die waarhede wat ons saam bestudeer het, eenkant toe geskuif as toevallig en onbelangrik in vergelyking met hulle charismatiese "ondervinding."

Katolieke, Baptiste, Pinkstergroepe en Anglikane stel gretig bybelse oortuigings en genootskaplike standpunte ter syde ten einde die eenheid van die "Gees" te behou. Watter gees is dit wat net so goed deur diegene werk wat Maria aanbid, die Sabbat verbreek, en probeer om kontak met die dode te verkry? Gewis nie die Gees van God nie! Die Heilige Gees word gegee slegs aan "die wat Hom gehoorsaam is." Handelinge 5:32.

Kom ons kyk nou na die geestelike gawe waarop aanspraak gemaak word deur meer moderne Christene as byna enige van die ander – praat in tale. Aangesien Jesus gewaarsku het teen diegene in die laaste dae wat in Sy naam sal profeteer en duiwels sal uitdryf, deur die krag van Satan, kan ons seker wees dat die ander geestelike gawes ook nageboots sal word. Indien die huidige epidemie van spreek in tale 'n verdraaiing van waarheid is, sal dit moeilik wees om te dink aan 'n meer perfekte plan vir Satan om te gebruik om beheer oor die kerke te verkry.

## Geen Bewys Nodig Nie

Die beste wyse waarop dwaling ontbloot kan word, is om die waarheid te openbaar, en die beste manier om die taleverskynsel te toets, is om die volle bybelse leerstelling van tale te ondersoek. Baie glo dat om in tale te praat, die bewys is van die doop met die Heilige Gees. Indien ‘n persoon nie in tale praat nie, word hy outomaties geklassifiseer as iemand wat tekort skiet aan noodsaaklike genade en krag. Hierdie veroordelende, meganiese manier om die Christelike ondervinding van ander mense te meet, het gelei tot ‘n groot groep geestelike egotiste – diegene wat voel dat hulle op ‘n hoër vlak lewe as hulle swakker, ongesalfde broeders.

Het die doop met die Heilige Gees een of ander teken of bewys nodig om sy werk te bevestig? Die Bybel leer dat dit ‘n gawe is en dat dit deur geloof ontvang moet word. Paulus se leerstelling is “dat ons die belofte van die Gees *deur die geloof* kan ontvang.” Galasiërs 3:14. Indien dit deur geloof is, dan is dit nie deur gevoel nie. Wanneer ons aanspraak maak op die belofte van vergifnis, vra ons nie ‘n teken van God dat Hy Sy woord vervul het nie. Ons weet dat dit gedoen is, omdat Hy so gesê het. Op dieselfde manier moet ons aanspraak maak op die belofte van die Gees deur geloof, nie deur ‘n spesiale bewys van God te vereis dat Hy Sy belofte gehou het nie. Deur te vra vir tekens en bewyse, twyfel mense aan die Woord van God.

Die feit is dat die doop met die Heilige Gees net so beskikbaar is vir alle Christene as wat vergifnis van sondes is. Dit beteken egter nie dat alle Christene al die gawes van die Gees sal ontvang nie. Inderdaad, Paulus sê dat die gawes, insluitende die spreek van tale, tussen die Christene verdeel sal word. Die Heilige Gees Self besluit hoe die gawes verdeel sal word, en aan wie.

*“Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee … aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees … aan ‘n ander profesie … aan ‘n ander allerhande tale … wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.”* 1 Korinthiërs 12:8-11.

Dan gaan Paulus voort om die verskillende gawes te illustreer as dele of lede van Christus se liggaam, wat die kerk is. "Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het." 1 Korinthiërs 12:18. Sistematies wys hy daarop hoe onmoontlik dit vir almal sal wees om dieselfde gawe te ontvang. "As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees?" Vers 17. Dan dramatiseer hy daardie gedagte met hierdie vrae: "Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, … spreek almal in tale?" 1 Korinthiërs 12:29,30. En die antwoord is natuurlik, *nee*. Die gawes word tussen verskeie lede uitgedeel – nooit dieselfde gawe aan al die lede nie.

## Doel van die Doop

Die belangrikste waarheid oor die doop met die Heilige Gees word dikwels oor die hoof gesien, en dit het te doen met die *doel* van die ondervinding. Baie het dit gedefinieer in terme van persoonlike opwinding, aangename emosies, of innerlike geestelike geluk. Geeneen van die voorafgenoemde verwys egter na die basiese rede vir die beloofde uitstorting van die Gees nie. Sommige daarvan mag deel vorm van die daaropvolgende vrugte van die ondervinding, maar hulle kan nie en mag nie verwar word met die doop self nie. Net voor Sy hemelvaart het Christus aan Sy dissipels opdrag gegee om in Jerusalem te wag totdat die Gees oor hulle sou kom "nie lank ná hierdie dae nie." Handelinge 1:5.

Toe het Hy hierdie woorde gespreek: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterstes van die aarde."* Handelinge 1:8.

Christus het in hierdie belofte beklemtoon dat die Gees krag sou gee vir hulle bedieninge aan andere. 'n Getuie is 'n persoon

wat vir iemand anders iets vertel waarvan hy eerstehandse kennis het. Die dissipels het definitief iets gehad om te vertel, omdat hulle ooggetuies van die Messias was. Hulle was egter heeltemal onbevoeg om op te staan en wat hulle gesien en gehoor het doeltreffend oor te dra. Die Heilige Gees sou kom om hulle kragtige getuies te maak, sodat siele deur hulle prediking gewen kon word. Jesus het geensins te kenne gegee dat die doop deur die Gees hulle enige spesiale gevoel sou gee nie. Dit was nie vir hulle persoonlike voordeel nie, maar dat hulle andere kon onderrig oor die weg van verlossing.

Die dissipels het die woorde van hulle Meester gehoorsaam en in Jerusalem gewag vir die beloofde krag, en op Pinksterdag is dit ontvang. Terwyl hulle almal in ‘n sekere huis bymekaar was, het dit gelyk asof die hemele met ‘n druisende geluid geopen is en tonge van vuur het neergedaal om op elkeen van hulle te ruste te kom. Die beloofde seën het gekom net soos wat Jesus voorspel het. Die krag om te getuig het neergedaal om hulle vir hulle werk om siele te bereik, toe te rus; maar hoe het dit hulle gereed gemaak en bekragtig? Wat het hulle nodig gehad ten einde te getuig aan al die mense in Jerusalem, Judéa en die uiteindes van die aarde? Handelinge 2:9-11 noem sestien verskillende taalgroepe wat teenwoordig was toe die Geesgevulde dissipels die huis verlaat het om te begin getuig.

Laat die Skrifte vir ons sê wat daarna gebeur het. *“En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.”* Handelinge 2:4.

Die verbaasde menigte kon hulle ore nie glo nie *“want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas ... en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?* Handelinge 2:6-8.

Hier is ‘n eenvoudige beskrywing van die ware gawe van tale. Dit is nie die uitering van ‘n ekstatiese taal van die hemel

nie. Die tale was werklike tale wat die mense kon verstaan, en elke persoon van elke nasie was geestelik opgebou en ingelig deur die evangelie in sy eie moedertaal te hoor.

Het die gawe van tale voortgegaan in die vroeë kerk wanneer dit nodig was om ongelowiges te bereik? Ja, op sekere geleenthede was dit nodig ten einde die taalstruikelblok te oorkom en ook om die Heidense bekeerdes in die oorheersende Joods-georiënteerde kerk te vestig.

In Handelinge 10:44-47 het ons die ondervinding van Petrus wat die evangelie vir die eerste keer aan die Heidene verkondig het. Terwyl Petrus met hulle gepraat het, het die Heilige Gees op hulle neergedaal. Die Joodse bekeerlinge "was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is." Petrus het daarop aangedring dat niemand hulle doop moes teenstaan nie, omdat hulle "net soos ons die Heilige Gees ontvang het." Hier het Petrus die tale wat tydens hierdie geleentheid gespreek was, vergelyk met die tale wat hy tydens Pinkster gespreek het – 'n werklike taal. Later, toe hy 'n verslag gelewer het van die ondervinding aan die broeders in Jerusalem, het Petrus bevestig dat "die Heilige Gees op hulle geval *soos ook op ons in die begin*." Handelinge 11:15. Die verwysing is onbetwisbaar na die tale-ondervinding op die dag van Pinkster. Dit wil voorkom asof die ander Bybelse verslag van tale in Handelinge 19:5-7 is om die gawe van die Gees op die sukkelende klein kerk van twaalf lede te Korinthe te bevestig, waar heidendom gedreig het om die vroeëre pogings van die apostels te verswelg. Daar is geen rede om te twyfel dat hierdie ook dieselfde gawe van tale was as wat tydens Pinkster gedemonstreer was nie.

Later is die gawe te Korinthe tot so 'n mate misbruik dat dit verwarring in die kerk veroorsaak het. Paulus moes 'n hele hoofstuk van sy eerste brief aan die Korinthiese kerk wy om die probleem reg te stel. Onder daardie geestelik swak Christene, het baie probleme die apostoliese leiers gepla. Korinthe was 'n

moeilike plek om bekeerlinge te wen, en dit was moeilik om die korrupte heidense agtergrond uit die gedagtes van die nuwe bekeerlinge te verwyder. Emosionele en geestelike onvolwassenheid was dikwels die onderwerp van Paulus se oproepe in sy Korinthiese briewe.

Laat ons nou 1 Korinthiërs 14 van nader ondersoek waar daar op die taleprobleem gefokus word. Meer as die helfte van die versies in hierdie hoofstuk noem die woorde *stig, verstaan, leer,* of *onderrig.* Dit is duidelik dat die Korinthiese kerk nie die gawe gebruik het soos wat dit veronderstel was om gebruik te word nie. Herhaaldelik het Paulus aangedring dat tale slegs gebruik moes word vir onderrig van die onbeskaafdes, ongelowiges of ongeleerdes. Klaarblyklik het sommige groot verwarring veroorsaak deur enige vreemde taal te praat wat hulle geken het, selfs terwyl andere gepraat het, en ook wanneer niemand wat teenwoordig was die taal wat hulle gepraat het, kon verstaan nie. Die kern van die hele hoofstuk is dat niemand die gawe van tale moes gebruik, behalwe om iemand te stig wat nie andersins bereik kon word nie. Uitlegging van tale moes ook aangewend word slegs om diegene te leer wat nie sonder vertaling kon verstaan nie. Byna elke versie fokus op die oorspronklike Pinksteridee van getuig of kommunikeer:

Vers 4, "*stig* die gemeente."
Vers 5, "of hy moet dit uitlê, sodat die gemeente *stigting* kan ontvang."
Vers 6, "en in tale spreek … *deur kennis.*"
Vers 7, "as hulle nie 'n onderskeid in toon laat hoor nie…"
Vers 8, "as die basuin ook 'n *onduidelike klank* gee …"
Vers 9, "as julle met die tong geen *verstaanbare woord* uitbring nie?"
Vers 11, "As ek dan die *betekenis van die klank* nie ken nie"
Vers 12, "probeer om uit te munt tot *stigting* van die gemeente."
Vers 13, "bid dat hy dit kan *uitlê."*

Vers 14, "*my verstand* is onvrugbaar."
Vers 15, "met die *verstand* bid …"
Vers 16, "aangesien hy nie *weet* wat jy sê nie."
Vers 17, "die ander een word nie *gestig* nie."
Vers 19, "om ook ander te *onderrig*."
Vers 20, "wees volwassenes in die *verstand.*"
Vers 22, "tale is dus 'n teken … vir die ongelowiges."
Vers 23, "… ongelowiges binne, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig is nie?"
Vers 26, "laat alles tot *stigting* geskied."
Vers 27, "Laat een dit *uitlê*."
Vers 28, "As daar geen *uitlêer* is nie, laat hy in die gemeente swyg."
Vers 30, "laat die eerste swyg."
Vers 31, "sodat almal kan *leer* .."
Vers 33, "Want God is nie 'n God van wanorde nie."
Vers 34, "Julle vroue moet in die gemeentes swyg …"
Vers 35, "Maar as hulle iets wil *leer* …"
Vers 40, "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan."

Diegene wat hierdie hoofstuk lees met die doel om ekstatiese klanke te vind, kan twee of drie versies vind wat *blyk* asof dit hulle ondersteuning gee. Wanneer daardie verse egter bestudeer word in die konteks van die res van die hoofstuk, en met 'n werklike vreemde taal in gedagte, kan daar gesien word dat almal harmoniseer. Paulus se verduideliking hier, is gebou rondom sy oortuiging dat "tale is dus 'n teken … vir die ongelowiges." Vers 22.

Nou, 'n paar vrae: Het die Korinthiërs nie wanorde en verwarring veroorsaak deur hard in tale te praat terwyl andere besig was om te praat nie? Het hulle nie doelbewus in tale gepraat wat nie verstaan kon word nie, en wat niemand gestig het nie? Het hulle nie daarop geroem dat hulle veral geseënd was met die gawe om in tale te spreek nie, en dit gebruik om hulleself te verhef nie? Die antwoorde op al hierdie vrae moet Ja wees.

Kon die Heilige Gees dus daardie tale voorsien het om die kerk te verwar? Nee, omdat die Gees nie op so ‘n wyse optree nie.

Wat moet ons gevolgtrekking dan wees oor die probleem in Korinthe? Daardie swak en onvolwasse kerklidmate het die ware verskynsel van Pinkster tale gesien – werklike tale. Omdat hulle vergeet het dat die tale wonderbaarlik gegee was met die doel om die vreemdelinge die evangelie te leer, het hulle begin dink dat enige woorde in ‘n vreemde taal die bewys van God se spesiale seën moes wees. Die gevolg van so ‘n valse veronderstelling, het gelei tot die probleem wat Paulus in 1 Korinthiërs 14 beskryf. Baie het in die gemeente opgespring om hardop enige mondjievol woorde te spreek van ‘n vreemde taal wat hulle geken het. Terselfdertyd het andere wat ook die “gawe” van om ‘n ander taal magtig te wees, probeer om hulle stil te maak. Dit was ‘n onbetaamlike, selfgeproduseerde, chaotiese toneel. Blykbaar het sommige van die vroue die grootste verwarring veroorsaak. Paulus het geskryf,

*“Want God is nie ‘n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges. Julle vroue moet in die gemeentes swyg … Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan.”* Verse 33-40.

Sou Paulus vroue beveel het om stil te bly indien hulle gawe die ekstatiese uitbarsting van die Heilige Gees se krag was? Indien wel, sou hy skuldig daaraan gewees het dat hy die Heilige Gees beveel het om stil te bly. Dieselfde sou waar wees van Paulus se opdrag in vers 28. Hy het gesê, “Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg.” Hoe kon so ‘n bevel gehoorsaam word indien die spreker uitgebars het in ‘n hemelse taal onder die Gees se beheer? Hoe kon so ‘n persoon geweet het dat daar ‘n tolk vir hulle “onbekende” woorde was? Paulus praat van die gawe as een wat beheer kan word deur die individu wat die taal gebruik. Tensy hulle kon verseker dat daar ‘n tolk was om die vertaling duidelik oor te dra, sodat die luisteraars

geestelik verryk kon word, het Paulus beveel dat hulle gladnie moes praat nie.

Die moderne probleem van tale is dieselfde as die antieke situasie, behalwe dat dit meer verwarrend is. In plaas daarvan om in werklike tale te praat, word die lug gevul met geluide onverwant aan enige bekende aardse taal. Selfs wanneer iemand voorgee om die geluide "uit te lê", word niemand geestelike verryk nie omdat die boodskap dikwels verspot of betekenloos is. En die groot vraag is: Waarom sal die Heiilge Gees probeer om die waarheid aan iemand te leer of hom daarmee in te lig deur die gebruik van 'n vreemde taal en uitlegging wanneer die luisteraar dit byvoorbeeld in Engels kan verstaan? Indien die gawe van tale is om die ongelowige geestelik te verryk, hoe verkeerd is dit nie om net onder gelowiges te praat in 'n gebrabbel van woorde waarvan die betekenis afhang van die absolute geloofwaardigheid van 'n ander gelowige, wie se "vertolking" se akkuraatheid nie gestaaf kan word nie.

Ons gevolgtrekking moet wees dat hierdie eindtyd verskynsel van tale nie aan die Bybelse maatstaf van waarheid voldoen nie op twee belangrike punte. *Eerstens*, die doop van die Heilige Gees kan nie gegee word aan diegene wat nie al die gebooie van God gehoorsaam nie. *Tweedens*, die ware doel van die gawe van tale – om ongelowiges in hulle eie taal geestelik te verryk en te leer – word nie aan voldoen deur die gebrabbel van die moderne "tale" beweging nie. Ons het in werklikheid gevind dat die verskynsel voldoen aan al die basiese vereistes van 'n ontsaglike nabootsing waardeur Satan miljoene kan lei om ongehoorsaam te wees aan God se heilige wet. Tallose opregte Christene word gelei om te glo dat God se Gees en goedkeuring kan rus op diegene wat Sy wet oortree. Die mens se flikkering is verkeerdelik gesien as God se vlam, en die wêreld word voorberei om die verkeerde keuse te maak wanneer die kwessie van gehoorsaamheid aan die Sabbat die klimaks van die stryd tussen

goed en kwaad sal wees. Mag ons weerhou word van so ‘n fout deur alleenlik op die Woord te vertrou as ons onfeilbare gids.